

Teologiese besinning vanuit die beste beskikbare kennis en persoonlike spiritualiteit

Die kompleksiteit van teologiese besinning wat gebaseer is op ou geskrifte van vreemde kulture wat verskeie vertalings en menigte menslike dupliseringse pogings moes oorleef, moet met ootmoed en 'n sterk drang na die beste huidige "waarheid" benader word. Lukas begin dan ook sy evangelie met: "Hooggeagte Theofilus" Theofilus, beteken "die een wat God liefhet". Moet ons dit verstaan as 'n eienaam van 'n historiese persoon of 'n skrywer gerig aan almal wat God liefhet? Verder sê Lukas daar is "baie" wat onderneem het om 'n verhaal te skryf van die dinge wat onder ons gebeur het'. Dit was dan ook so, want daar word bereken dat daar tot tagtig "evangelies" in omloop was in die vroeë Christelike kerk. Daarom sê Lukas, "het ek dit ook goedgevind om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf." Sou een van die "baie" verhale letterlik deur God ingegee was, kon Lukas maar net sê dat hy so 'n spesifieke evangelie van harte wil aanbeveel, en die saak was afgehandel.

Selfs die vier gekose evangelies wat tans in ons Bybel verteenwoordig is, verskil baie in detail, sou ons hulle parallel lees.

Ten einde Paulus en sy debatte met sy tydgenote oor die wet te verstaan moet ons die aard en funksie van die wet in die Ou Testament begryp vir sowel die Jode en die Romeinse nie-Jode. Vir die Jode wat 'n teokratiese regeringsmodel voorgestaan het, was die wet 'n komplekse samevoeging van wat ons vandag sou beskryf as "goeie maniere" plus "etiek" of billikheidsoprede, plus morele waardes of "liefdes- en medemenslikheid waardes", asook die volle spektrum van siviele en kriminele reg.

Dit moet duidelik wees dat dit nie vra vir eenvoudige interpretasies as Jode sou stry oor aspekte van die wet nie. So, watter wette moet geld in die Joodse godsdienst, en watter vir nie-Jode, almal onder Romeinse Staats oorheersing waar sekere wette nou noodwendig vervang was met Romeinse reg. Dit moet 'n ernstige debat regverdig veral as ons erkenning gee aan die veelvuldige verskille in die baie Joodse partye. Voeg by hierdie aspekte, die feit dat Jesus ook nie deur sy eerste dissipels as God geïnkarnear in 'n menslike liggaam beskou kon word nie.

As ons dan ten slotte in berekening bring dat die mens se wordingsgang ook gekenmerk word deur verskillende groeifases soos Lukas ook van Jesus vertel. In die eerste fase van ontwikkeling, waartydens ons nog nie abstrak kan dink nie, verstaan ons alles, selfs legendes, gelykenisse en stories op 'n konkrete wyse en letterlike manier. In die volgende fase kan ons die etiese en morele lesse verstaan en in die laaste, of wysheidsfase, moet ons in ons vordering in die proses van heiligmaking, die voorbeeld van Jesus navolg met die hulp van die Heilige Gees wat in ons woon, en deur Sy liefde wat ons dring, wedergebore, en nie weens simplistiese wetgehoorsaamheid of ondeurdagte en ongedefinieerde geloof nie.

Geagte Theofilus, hoe is dit dan moontlik dat ons ooit hierdie debat kan afsluit deur aan Matteus, Markus, Lukas, Johannes, Paulus, Thomas, Origen, Augustinus, Martin Luther, Calvyn, die Pous, of Bultmann, wat almal hul eie unieke teologie het, die laaste en finale woord af te staan oor ons eie geestelike wording? Ons kan en moet by hulle almal leer en sal nuttige insigte verwerf oor die leer van Jesus, vir ons gebruik op ons eie geestelike reis na volwassenheid, maar is dit nie in die laaste instansie 'n saak net tussen my en God nie?